

Inhoud Diep geestelike verhouding. Geestelike dinge. Spiritualiteit. Hierdie preek wys die verskil tussen Christus wie die geheimenis is van die diepste liefde van God in Homself vir sy kinders, en mense wat geestelike diepte in hul eie gees soek. Die Heilige Gees is die Gees van Christus wat Hom besig hou met wie Jesus is, wat Hy vir sondaars gedoen het en hoe Hy sondaars verenig met wie Jesus as mens in die hemel is vandag. Die vereniging met Christus is die diepste verbintenis met God se innerlike en alles wat Christus in en deur sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding, hemelvaart, regering aan God se regterhand en wederkoms doen, is die dinge waarmee die Gees besig is. Ons is geestelik omdat ons met Christus se lyding en opstanding besig is. Spirituele leiers soek geestelike diepte in hul eie gees en wil hulself met die goddelikheid van God besig hou, nie Christus nie. Identifikasie met God se goddelikheid is hul spiritualiteit.

Skriflesing 1 Kor. 1: 9, 22, 30; 2: 2, 6 – 16; Efe. 2: 1 – 3.

Teks 1 Kor. 2: 16 b. “Maar ons, ons het die Gees van Christus.”

Tema Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

1. Het ons ‘m diep geestelike verhouding met God waar ons met geestelike dinge besig is?

Dit is die vraag wat Paulus in ons gelese teksgedeeltes uit 1 Korinthiërs antwoord met die verklaring in ons teksvers: “Maar ons, ons het die Gees van Christus” En hierdie verklaring beteken in vandag se taal: “Ons het ‘n diep geestelike verhouding met God.”

Ons word al meer en meer met hierdie vraag op so ‘n manier vandag gekonfronteer dat ons wat in Jesus Christus glo, oortuig raak dat ons “nee” op hierdie vraag moet antwoord. Is dit nie die eerste gevoel wat in u losgekom het toe ek dit gestel het nie: “Nee, ek glo maar net in Christus, maar ek het nog nie ‘n diep geestelike verhouding met God nie” en “Nee, ek is nie regtig met geestelike dinge besig nie, ek is maar net met die gewone dinge van die lewe besig in my geloof in Christus”?

Paulus stel juis hierdie verklaring teenoor die “diep geestelike verhouding met God” wat die Jode en Grieke gehad het en vir die boodskap oor Jesus Christus sommer net nonsens en ‘n kragteloos was. Hulle het gedink en gevoel hulle het ‘n diep geestelike verhouding met God en is met sulke diep geestelike dinge met God besig, en dat Jesus nooit hierdie diep ervarings met God vir hulle kan gee nie. Paulus wys dat dit is hoekom hulle Christus hoor as geestelike domheid en kragteloosheid, want Christus gee nie hierdie diep geestelike verhouding met God wat hulle het nie.

Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

2. Christene is geestelik dom en hou hulle met geestelik kragtelose dinge besig! Dit is die oortuiging van die Grieke en Jode wat Paulus antwoord met die verklaring: “Maar ons, ons het die Gees van Christus.”

Wat maak Christene so dom en kragteloos volgens die wêreld?

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig!

Die tieners wat sal julle dink as jy as meisie jou hart oopmaak vir 'n seun en vir hom sê jy het hom lief, en hy reageer só: “Dit is ongelooflik interessant en maak my verskriklik opgewonde om daarvan te hoor. Praat met my en vertel my alles daarvan! Ek wil alles weet van hierdie liefde waarvan jy praat. Dit klink net onbegryplik, maar ek wil alles daarvan begryp!”

Wat maak jy met só seun? Jy moet eers oor die diepste vernedering van jou lewe probeer kom en dan vermy jy hom vir die res van jou lewe want hy is so dom dat hy dink en glo liefde wat gegee word, is iets wat hom slim gaan maak!

Die seuns! Wat gaan julle dink as jy vir 'n meisie jouself gee en vir haar sê dat jy haar lief het, en sy begin opgewonde rondspring voor jou en skree: “Wonderlik, wonderlik, wonderlik! Dit is die grootste wonderwerk wat nog ooit met my gebeur het! Hierdie is die begin van my nuwe wonderlike lewe vol wonderwerke!”

Wanneer jy oor jou skaamte vir haar gekom het, gaan jy probeer vergeet dat dit ooit gebeur het en jy sal sorg dat jy nooit weer naby haar kom nie, want sy dink en glo jou liefde is 'n wonderwerk wat jy vir haar doen en dat jy nou jou hele lewe lank vir haar wonderwerke gaan doen!

Hoe antwoord 'n mens die openbaring van liefde? Deur die liefde te glo en jou liefde te gee! Nie deur liefde wat openbaar word, slim te word nie of 'n wonderwerk te sien gebeur nie.

3. Dit is die verskil tussen Christene wat die Gees van Christus ontvang en die gees van hierdie wêreld soos Paulus dit stel in 1 Kor. 2: 12: Die Gees van God is die Gees wat ons laat weet wat God ons uit genade skenk in en deur Christus. Ons weet God skenk ons sy liefde as God en daarom vertrou ons in hierdie liefde wat God ons skenk en ons leef daarin.

Die Gees wat ons het, die Heilige Gees, is die Gees van God wat ons laat weet wat gebeur wanneer God sy liefde aan ons openbaar en wat sy liefde met ons doen. Dit is die Gees wat ons laat weet wat om sy sy liefde te doen en hoe om sy liefde te antwoord.

Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

Paulus wys dat die gees van die wêreld en die gees van die geestelike leiers van hierdie wêreld, kan nie hoor of sien wat gebeur wanneer die Here sy liefde openbaar nie. Vir hulle is God se liefde onsin want hulle verstaan nie die liefde van God nie. (1 Kor. 2:14) Vandag noem hierdie mense hulself spirituele leiers en dit waarmee hulle hulself besig hou: “spiritualiteit.”

Want die spirituele leiers van hierdie wêreld soek goddelike wysheid en goddelike krag, nie God se liefde nie. (1 Kor. 1: 22) Hulle antwoord God se liefde as iets wat ongrypbaar is wat hulle moet probeer verstaan of as iets wonderliks wat gebeur waardeur nog meer wonderlike dinge vir hulle kan gebeur!

#### 4. Wie het met God 'n diep geestelike verhouding?

Hulle vir wie God laat deel in sy diepste geheimenis binne in Homself! Wie God in die diepste innerlike verborge geheimenis in Homself insluit, hulle het die diepste geestelike verhouding met God.

Dit is hulle aan wie God sy Gees as gawe gee. Hulle het die diepste geestelike verhouding met God. Dit stel Paulus in hoofstuk 2 verse 11 en 12. Dit is God se eie Gees, die Heilige Gees wat die geheimenis van God se innerlike verborgenheid binne in homself ken.

En hierdie Gees is die Gees van Christus! Dit is die Gees wat ons van God ontvang – die Gees van Christus! Die Heilige Gees wat Christus vir ons gee, is die Gees van die diepste geheimenis in God. Daardie geheimenis is God se ware liefde. Dit is die innerlike verborgenheid binne in God waarin Hy ons insluit en laat deel – sy liefde vir ons.

Dit is die ewige heerlijkheid wat God vir ons van ewigheid af voorbestem het (2:9), om deel te wees van sy liefde. Ons is deel van die diepste geheimenis in God self – sy liefde vir ons in en deur Jesus Christus!

#### 5. Die diepste geheimenis van God se liefde is Jesus Christus!

Dit is presies die geheimenis van God waarvan Paulus hier praat! Dit het hy al aangekondig in hoofstuk 1 verse 9 en 30. In vers 9 stel hy dat God se getrouheid in sy liefde ons verenig met Christus Jesus sy Seun en ons Here leef. In vers 30 wys Hy dat hierdie vereniging met Christus ons verlossing van sonde is want in onsvereniging met hom is ons vir god se liefde reg en heilig.

Dit is die diepste geheimenis van God se liefde – hoe Hy ons in sy diepste innerlikste as God, sy liefde vir ons insluit: Hy verenig ons so met Jesus as mens in die hemel dat ons onheilige liefde en onregverdige lewe vir Christus tel, en sy heilige liefde en regverdige lewe vir ons tel.

Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

Dit is die diepste verbintenis met God wat daar is!

Paulus verwoord hierdie diepste geheimenis van God se liefde in Efesiërs 3: 6 só: “En dit is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hul verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam deel aan wat God belowe het.” Ons is die nie-Jode wat ingelyf is in wie Christus as mens in die hemel is en só deel van die diepste verhouding met God wat daar is geword het, sy verbondsverhouding waarin Hy God is vir ons in sy liefde ons ons sy kinders in sy liefde laat wees.

In Kolossense stel Paulus hierdie geheimenis van God se liefde só: “Dit is die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nog geopenbaar is aan die mense wat aan hom behoort. God het besluit om aan hulle bekend te maak bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle.”

Die geheimenis wat verborge in God was, is dat Christus self mens geword het en vir ons in sy kruisiging die onheilige en onregverdige sondaar in ons plek geword het, sodat ons vir God in sy liefde sy heilige en regverdige kinders kan wees. So het ons deel aan al die seëninge van God se verbondsliefde.

6. Die Gees van Christus wat Hy aan ons gee, is altyd besig met die woorde of dinge van die Gees! (2: 13, 14) Ons kan met baie geestelike dinge in ons eie gees besig wees, soos verwondering, oordenkings en gebed, maar die geestelike dinge waarmee ons onself besig hou, is totaal iets anders as die geestelike dinge waarmee die Gees van Christus hom besig hou. Wat ons geestelike maak is, is nie die dinge waarmee ons gees besig is nie, maar die dinge en woorde waarmee die Heilige gees besig is.

Wat is die woorde of dinge waarmee die Gees van Christus hom besig hou?

Dit is altyd die woorde van Christus as die gekruisigde Here! (1:23, 2:2) Die woorde wat ons die wysheid gee van hoe wie ons in Christus vir God is! Die woorde oor Jesus as die gekruisigde is die woord wat gaan oor die diepste geestelike dinge van God!

Dit is die woorde dat Jesus vir ons gebore is as heilige mens, maar as onheilige mens aan die kruis gesterf het sodat ons heilig, sonder smet en onberispelik voor God is, en ons met hierdie trots volkome aan God kan toewy. (Kol. 1: 21) Dit is die woorde wat die Gees van God ons leer.

Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

Dit is die woorde dat Jesus vir ons veroordeel is as sonder sodat ons nooit deur God veroordeel sal word nie, maar altyd deur Hom as sy kinders verheerlik sal word sodat ons Hom kan eer en verheerlik as ons God. Dit is die woorde van die Gees wat ons geestelik maak. (Rom. 8: 1, 31- 34)

Dit is die woorde dat Jesus aan die kruis in ons plek vervloek is vir ons sondes sodat ons altyd deur God met sy verbondseëninge geseën word. Dit is die woorde wat ons dankbaar in ons dienswerk vir God maak. Dit is hoe ons geestelik is! Deel van die dinge waarmee die Gees hom besig hou! (Gal. 3: 10 – 14)

Dit is die woorde dat Jesus vir ons gestraf is en ons die beloning van sy gehoorsaamheid aan God as gawe kry. Hierdie geestelike woorde van die Gees maak dat ons vrymoedig ons plig sonder skuld teenoor God opneem. (Rom. 5: 18 – 20)

Dit is die woorde dat Jesus aan die verwerping van God se wet onderworpe was sodat God ons in die liefde wat Hy vir Jesus sy Seun het aangeneem word as sy kinders. Hierdie dinge van die Gees aanvaar ons en dit maak dat ons God liefhet as sy kinders wat Hy in sy liefde aangeneem het. (Gal. 4: 1 – 7)

Wie Christus vir ons is en wie Christus ons in ons vereniging met Hom as mens in die hemel laat wees, is die dinge en die woorde van die Gees van Christus.

7. Nou kan ons weer die vraag vra: wie het met God die diepste geestelike verhouding en is besig met die dinge van God se Gees?

Dit is hulle wie God in die diepste geheimenis in homself insluit: om met sy Seun as mens in die hemel verenig te wees en alles met Hom te deel vir Hy vir hulle in hul plek as sonder is!

Wie is besig met geestelike dinge? Hulle wie Jesus ken en vertrou in alles wie Hy in hulle plek vir hulle is. Jesus se geboorte, lyding onder Pontius Pilatus, sy kruisiging, sterwe, begraving, opstanding, hemelvaart, sy regering aan die Vader se regterhand en sy wederkoms, en alles wie hy ons daardeur laat wees vir God, is geestelike dinge, die dinge van die Gees van God, die woorde van die Gees van God!

Hulle wie hulle hiermee besig hou, is met geestelike dinge besig! Hulle is besig met die wysheid en krag van God.

Daarom is die antwoord oor wie die diepste geestelike verhouding met God het en met geestelike dinge besig is eenvoudig – hulle wie Jesus as die Christus en Here ken en vertrou vir wie hy vir hulle is!

Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

Om Christus te vertrou, is die diepste geestelike verhouding met God, want Hy is die diepste geheimenis van God se liefde vir sondaars. Om Christus te ken en te vertrou vir wie Hy in sy lyding en opstanding vir ons is, is met die geestelike dinge van die Gees van Christus besig.

Daarom word Christene nêrens “die geestelikes” genoem nie. Hulle wie besig is met die dinge waarmee die Heilige Gees hom besig hou, Jesus Christus en sy lyding en opstanding, en ons vereniging met Christus, word die “heiliges”, die “regverdiges” en die “gelowiges” genoem. Nooit die “geestelikes” nie. Want ons nooit met ons ei geestelike dinge besig nie, maar ons glo in en vertrou op die geestelike dinge waarmee Christus se Gees besig is.

8. Dit is mos ons verhouding met God en waarmee ons elke dag as gelowiges besig is?

Elkeen van ons is mos elke dag op een of ander manier besig om te glo dat hierdie sonde wat ek nou hier gedoen het, het Christus voor gesterf. Daarom hoef ek nie skuld vir my sonde te betaal of voor te vergoed nie, maar kan ek aanhoudend vrymoedig net weer my plig teenoor die here opneem. Hierdie geloof in en lewe in die geloof met Christus is die diepste geestelike verhouding wat 'n mens met God kan hê: God se verbondsverhouding met ons in en deur ons vereniging met Christus.

Elkeen van ons is mos in die week op een of ander manier besig gewees met die vertroosting dat die Here my as sy kind aangeneem het al verdien ek dit nie om sy kind te wees nie. Hy het Christussy Seun in my plek met die verwerping van 'n sondaar behandel sodat ek in die liefde kan leef van 'n kind van God. Waar ek so met Christus in my gedagtes, my gevoelens en gees besig is, is ek mos met die diepste moontlik verhouding met God besig, met die dinge van Christus se Gees.

Elkeen van ons gryp mos tog op een of ander manier daaraan vas in ons gedagtes, gevoelens en gees dat God my nie sal veroordeel vir my oortredings nie omdat Hy sy seun in plek veroordeel het. Daarom neem ons tog mos elke keer die eer op dat ons vir God mag leef. Wie só in die geloof in sy hart en verstand en gees met Christus besig is, deurleef die diepste geestelike verhouding wat 'n mens met God kan hê, want jy is besig met die dinge van die heilige Gees – Christus!

9. Die verwarring in ons kerk oor ons diep verhouding met god en die geestelike dinge waarmee ons besig is in ons geloof in Jesus Christus, kom van twee kante af! Dit is ongelowiges en goddeloses in die kerk wat só reageer op die openbaring van die diepste innerlike van God se liefde vir ons – Christus: 1. “Dit is ongelooflik interessant! Vertel my meer van hierdie spiritualiteit van julle, ek wil alles daaroor weet!” en 2. “wonderlike! Wonderlik! Wonderlik! Hoeveel wonderwerk gaan God my nog uit sy innerlike diepste laat beleef?”

Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

Hulle glo nie in die diepste geheimenis van God se liefde nie, maar soek na 'n dieper verhouding met God as die verbondsverhouding met God in Christus en soek na meer geestelike dinge as die dinge waarmee die Gees van Christus Hom besig hou.

Hierdie dieper verhouding met god as Christus en meer geestelike dinge as die dinge van die Gees van Christus, vind hulle in die diepte van hul eie gees en die dinge waarmee hulle hul self met hul eie gees besig hou.

Daarom moet ons die verskil kan hoor en herken! Wat is die diepste verhouding wat jy met God kan hê, met die geheimenis van Christus se lyding en opstanding, of met die innerlike dieptes van jou eie gees? Wat is die mees geestelike dinge waarmee jy kan besig wees” met jou eie gees se geestelikheid of met die geestelike dinge waarmee die Heilige Gees besig is – Christus?

10. Die nuwe spirituele leiers wat in die kerk en wêreld opstaan is almal besig om hul self en ander mense in die dieptes van hul eie gees te probeer afvat en besig te wees met die geestelike dinge waarmee hulle spiritueel besig is.

Daarom preek hulle dat jy die diepste geheimenis van God binne in jouself moet vind: “jy moet God in jou binneste toelaat en innooi”, “Jy moet God in jou innerlike ontdek deur self niks te word nie sodat die goddelikheid van God in jou kan wees”. Om hierdie innerlike goddelikheid in jou eie gees te vind moet jy nie meer bid nie maar mediteer. In meditasie, stiltes, sala jy binne in jou die innerlike diep goddelikheid van God self aanvoel en kan deurleef. Jy vind god in jou eie selfverinnerliking en laat mense God vind in jou eie selfverinnerliking in jou eie gees.

Wie God só in sy innerlike gees vind, begin dan met nuwe geestelike dinge wat kamstig baie meer geestelik is as die dinge waarmee die Heilige Gees hom dan besig hou. Wie só spiritueel word hou hom met sy al die gedagtes, idees, gevoelens, innighede, visioene, drome, besluite, wil en begeesterheid wat uit homself in homself opkom, besig asof dit die dinge van dinge van die Gees van God sou wees.

Hierdie spiritualiteit en al die dinge van hierdie moderne spiritualiteite, is presies net dit wat die Woord van God afgodsdienste noem. Nes in die tyd van die Bybel voel mense dat afgodsdienste is 'n dieper verhouding met God as Christus en die dinge van afgodsdienste is meer geestelik as die dinge waarmee die Heilige Gees Homself besig hou – Christus!

11. Paulus beskryf hierdie dieper verhouding en meer geestelike dinge van goddelose mense in Efesiërs 2:1, 2 só: “Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het net gedoen waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het.”

Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

Die mens se eie sondige aard is vir spirituele leiers die nuwe geheimenis van 'n dieper verhouding met God as Christus. Wie God in sy eie sondige aard innooi om god in sy eie gees te huisves, te ontdek, te ontmoet en gemeenskap mee te hê, vind in sy eie sondige aard 'n baie dieper verhouding met God as die dom en kragteloze verbondsverhouding met god in Christus.

Daarom is vir hierdie spirituele leiers en hul geesteliks somer alles wat in hul gedagtes opkom en waartoe hulle luste hulle lei, die nuwe meer geestelike dinge van hul eie gees.

Dit is die geestelike dinge van missionaliteit, burgerlike versoening, oplewing en herlewing wat hulle hul self mee besig hou en ons mee saam in hul eie innerlike sondige aard in wil aftrek. Omdat ons wie met Christus in ons hart, siel, verstand en gees besig is, nog nie diep en geestelik genoeg is nie. Hulle oordeel elke gelowige wat nie met die nuwe lus en nuwe gedagte wat somer in hul gees opgekom het nie, wil saamgaan nes, die goddeloses en Jode in Korinthe as geestelik dom en kragteloos.

12. Ons as gelowiges kan teen hierdie spirituele aanslag teen ons saam met Paulus roem:

Wat die oog nie gesien het nie, geen spirituele mens se droom, visioen en idee wat somer in sy gedagtes opgekom het nie,  
Wat die oor nie gehoor het nie, geen goddelike stem of aanvoeling van spirituele leiers en geesteliks nie,  
wat nie in die hart van 'n mens opgekom het nie, nie die vroom, kragtige en diep lustigheid van geestelikes nie,  
Dit het God gereed gemaak vir die wat hom liefhet!

God het Christus, sy Seun vir ons gereed gemaak as die offer vir ons sonde, sodat ons vir God heilig en regverdig binne sy liefde kan wees.

Hierdie Christus wat ons in die diepste geheimenis van die liefde van God insluit, is vir die spiritueles te vlak en oppervlakkig, te dom en kragteloos vir 'n diep verhouding met God waar jy met God se eie goddelikheid besig is.

Hulle dieper verhouding met God ken ons as gelowiges as die diepste drif van die mens se sondige natuur om in homself goddelik te wees en hul geestelike dinge ken ons as die luste van ons sondige natuur.

Maar ons, ons het die Gees van Christus!

Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in

Sy gees verenig ons met wie hy as mens in die hemel vir ons vandag is, sodat ons met die geestelike dinge van die Gees van God kan besig wees: Christus se lyding en opstanding en ons vereniging met Hom in sy lyding en opstanding.

Ons is met ons hele hart, siel verstand en gees besig in die geloof met wie Christus ons in ons vereniging met Hom laat wees. Dieper kan dit nie en meer geestelik kan dit nie!

Kom ons verwerp die spiritualiteit van die wêreld in ons kerk, want ons het die Gees van Christus!